Dinsdag **2 Julie**

**Skrifgedeelte: Jesaja 43:1-13 (AFR83/2020)**

**Fokusverse: Jesaja 43:1-4**

**Moenie bang wees nie!**

Al is ons verlostes en God se kinders, ervaar ons elke dag die gevolge van ons ongehoorsaamheid. God gee troos en hoop vir sy kinders wat nog in hierdie stukkende wêreld bly.

Hy het aan die Israeliete in ballingskap verklaar dat hulle vir hulle sonde klaar geboet het (Jes. 40: 2). Hy het hulle ook vertel van die Dienaar wat sou kom en hulle donkerte in lig verander (Jes. 42:16).

God troos sy volk terwyl hulle in afwagting leef op die koms van sy Dienaar. Hy herinner hulle dat Hy hulle geskep het. Hy het hulle tot stand laat kom uit mense wat totaal verlore was. Hy gaan hulle nie nou los nie. Al ervaar hulle vyandskap en gebrokenheid, hoef hulle nie bang te wees nie. Hulle is nie soos die ander volke nie. Hy weet presies wie hulle is. Hy ken hulle by die naam, want hulle behoort aan Hom.

Hy het reeds ’n pad met hulle gestap. Hy het hulle verlos uit Egipte en deur die waters van die Rooisee en die Jordaanrivier gelei. Op grond van wat Hy reeds gedoen het het, kan hulle daarvan verseker wees dat Hy hulle steeds sal beskerm en bewaar.

Hulle is so belangrik vir Hom dat Hy bereid is om ander nasies as ’n losprys te gebruik sodat sy volk vry sal wees van slawerny en onderdrukking.

Hierdie verse troos elke gelowige wat ly as gevolg van die lyding en stukkendheid wat ons oor onsself bring.

God se Dienaar, ons Here Jesus, is onderweg na die aarde toe. Terwyl ons op sy koms wag, hoef ons nie bang te wees nie, want ons Here het self die losprys vir ons bevryding betaal. God is deur sy Gees met ons tot die dag dat ons Here weer kom.

*Sing: Psalm 126-1:1, 2*

*Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld/Tzaneen)*